# Die dieresportdag

Vandag vind die dieresportdag plaas.

Ek kan spring. Ek kan baie hoog spring.

Kan jy hoog spring?



Marks Athl

Ek kan hardloop. Ek kan baie vinnig hardloop.

Kan jy vinnig hardloop?

Ek kan skop. Ek kan baie hard skop.

Kan jy hard skop?





Ek kan gooi. Ek kan baie ver gooi.

Kan jy ver gooi?



Ek kan vang. Ek kan baie goed vang.

Kan jy goed vang?



Ek kan swem. Ek kan baie goed swem.

Kan jy goed swem?

Ek kan 'n bal slaan.
Ek kan 'n bal baie
hard slaan.

Kan jy 'n bal hard
slaan?



Ons kan wen.
Ons is wenners.
Ons is almal wenners!

**Saam wen ons.**





# Gediggies vir jou

## 'n Klein seekoei verdwaal

'n Klein seekoei gaan buite speel,
hy hoop iemand sal sy dag met hom deel.
"Ek is alleen," sê hy toe, "ek het verdwaal,"
"Ek wens my ma wil my kom haal."

## Die olifant en die mier

In KwaZulu-Natal waar die Zoeloes woon,
staan 'n mier op 'n olifant se toon.
Die olifant sê met 'n traan in sy oog,
"Ek kan jou nie sien, ek staan te hoog".

# Wilde diere

Wilde diere leef vry in die natuur. Ons sien hulle in wildtuine en reservate. In Afrika kry ons die Groot Vyf: die leeu, die olifant, die buffel, die luiperd en die renoster.



# Groepleesaktiwiteite

1 Sê vir jou maat wat jy in elke prent sien. Sê nou watter prent eerste, tweede, derde en laaste moet wees. Vertel die storie in jou eie woorde aan jou maat oor. Gebruik hierdie prente om jou te help.

2 Lees die vrae en beantwoord dit saam met jou maat.

a. Wat is die titel van die storie?
b. Watter diere kom in die storie voor?
c. Aan watter verskillende sportsoorte neem die diere deel?
d. Dink jy die storie is waar?
e. Hoeveel keer kom die woorde "Kan jy" in die storie voor?
f. Van watter sportsoort hou jy die meeste? Waarom?

3 Gebruik die woorde en die prente om jou te help om die regte woord in te vul om elke sin te voltooi. Skryf die sinne in jou klaswerkboek.

| kameelperd | olifant | jagluiperd | aap |
|---|---|---|---|

"Ek kan vang," sê die _____.



"Ek kan gooi," sê die _____.

"Ek kan spring," sê die _____.

"Ek kan hardloop," sê die _____.

**4** Skryf die eerste woord van elke ry in jou klaswerkboek neer. Skryf dan die woorde in elke ry wat daarmee rym, langsaan neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| haal | paal | taal | saal | saak |
| hoog | oog | droog | boot | boog |
| woon | boom | loon | toon | foon |
| speel | deel | geel | keer | keel |

**5** Gebruik die woorde hieronder om vir een van die diere 'n kaartjie te skryf. Skryf dit in jou klaswerkboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| hardloop | swem | lees | sing |
| skop | dans | gooi | teken |

| | |
|---|---|
| Liewe _____<br>Ek sien dat jy goed kan<br>_____.<br>Jy doen dit baie goed!<br>Ek kan goed _____.<br>Van _____ | Teken 'n prent. |